VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

6 Maart	**Tom Chambers,** Wyk 19
7 Maart	**Gerhard Willemse,** Wyk 17
9 Maart	**Gert Kruger,** Wyk 19
10 Maart	**Stienie Niemand,** Wyk 11
	Gert vd Walt, (85). Wyk 13
12 Maart	**Alta Hugo,** Wyk 8

Die jongste uitgawe van **Die Kerkblad** is beskikbaar. Intekenare kan dit na die diens in die saal kom afhaal. Ons doen ook weer 'n vriendelike maar dringende beroep op lidmate wat nie ingeteken is nie, om dit te oorweeg om in te teken. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van die intekenare. Inligting kan by Prof Callie of Piet Aartsma verkry word.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Die tafels is weer gedek en daar is koffie en tee in die saal.

Susters van **wyke 9 en 10 wyke** versorg die tee en koffie.

Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 8 Sondag 6 Maart 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 5 **Nelis Coetsee** en wyk 6 **Faans Steyn.**
Diakens: Wyk 5 **Banie Nortjé** en Wyk 6 **Johan Viljoen.**
Teebeurt: Wyk 9 Karen Aartsma en **wyk 10 is vakant**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

Die sakrament van die doop word vanoggend bedien aan **Marnus Meyer van Niekerk** en **Daniël Kalmijn van Niekerk,** seuns van **Adriaan en Tanya van Niekerk.** Ons verwelkom graag familie en vriende van Adriaan en Tanya in ons midde! Mag u saam met ons in die geloof versterk word deur die bediening van die Woord van die Here en die sakrament van die doop.

OGGEND Woordbediening: Numeri 9:15 - 23 (AFR'20).
Fokusvers: Numeri 14:14b
TEMA: ***Die wolk van die HERE se teenwoordigheid in ons en ons kinders se lewe bring troos en verantwoordelikheid.***
Sang voor die erediens: Psalm 116:1; Skrifberyming 54:1, 3, 5 (T2-6)
Sang tydens die erediens: Psalm 105:1, 2, 21, 24; Psalm 99:4, 5; Psalm 97:1, 7; Psalm 128:4; Psalm 136:1, 9, 10, 13, 20.

AAND Woordbediening: Kolossense 2.
Fokusverse: Kolossense 2: 16, 17.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 25.
Sang voor die erediens: Skrifberyming 3-2:1, 5, 6 (mel. Sb. 18-6).
Sang tydens die erediens: Psalm 98:1, 3; Psalm 51:8; Psalm 98:2, 4.

Naomi Fraser wat geval en haar voet gebreek het, sterk steeds aan in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan. Ons bede is dat ons troue Verbondsgod die herstelproses sal seën.

Flip Mostert is Maandag in die Anncron Hospitaal opgeneem. 'n Kleiner aar wat vernou is, is gerek. Flip is Dinsdag weer ontslaan. Ons verseker hom van ons voorbidding en ons deel in sy en Leana se vreugde en dankbaarheid dat die kardioloog geen verdere of ernstige probleme met die ondersoek kon optel nie.



Paul Schutte was Woensdag in 'n ongeluk met 'n bromponie betrokke. Hy het breuke aan sy enkel en voet opgedoen en sou Donderdag geopereer word. Ons verseker hom van ons voorbidding. Ons volhard ook in ons voorbidding vir **Netta** wat binnekort 'n ondersoek deur 'n ortopediese chirurg in Klerksdorp sal ondergaan.

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van Wilmarie du Plessis wat onlangs haar Ph.D in menslike bewegingskunde verwerf het. Mag ons Vader u nog ryke seëninge gee op u loopbaan vorentoe!

Dankbaarheid

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van die Baptistas: Marlet het verlede Vrydag 'n gesonde babadogtertjie van die Here ontvang.

Attestate

Ontvang: Die attestaat van **Annelize Havenga** is ontvang vanaf GK Brackenhof. Sy is die kleindogter van Anna Havenga en 'n broerskind van Kobus Havenga. Sy woon in Waterberry Estate en word geplaas in wyk 5 met ouderling Nelis Coetsee en diaken Banie Nortjé en wyksuster Marie Coetsee.

Afgegee: Die attestate van Jan de Wet en eggenote Daniëlina Frederika asook hulle dogters Jeandri en Andréa de Wet word afgegee na GK Potchefstroom Die Bult.

.Katkisasie

	Sondag 6 Maart	Sondag 13 Maart
Lesrooster:	Les 6	Les 7
Psalmvers:	Psalm 116: 1 (geheel)	Psalm 38: 1 (reël 1 – 3)
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 5: Graad 7 Ouderling wyk 6: Hoërskool	Ouderling wyk 7: Graad 0 Ouderling wyk 8: Graad 1 – 2

Wo	16/03	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 19

Dagboek

So	6/03	09:30	Bediening van die sakrament van die doop van Marnus Meyer en Daniël Kalmijn	
		15:30	Erediens: Huis Eikelaan (ds. JF Mouton)	Kapel
Ma	7/03	17:30	Christelike Onderwyskommissie	
Di	8/03	09:00	Telkommissie 1	Kerkkantoor
		15:00	Bybelstudie	Huis Eikelaan
		18:00	Eiendomskommissie	
		18:30	Diakonie toerusting	Ou Kerkie
Wo	9/03	18:00	Gemeentebladkommissie	Kerkkantoor
Do	10/03	18:30	Visitasie (ds. Jannes)	GK Potch-Oos
So	13/03	09:30	Eksamenpreek: student ID Nagel	

- Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

Di	15/03	18:30	Ouderlinge toerustingsgeleentheid	Ou Kerkie
Vr	18/03	17:30	Gemeente-aand en Hamburgerbraai	Kerkterrein

Roeping tot diens van ouderling

Die naam van **Gideon Wentink** word vir 'n tweede maal aan die gemeente ter approbasie voorgehou vir die diens van ouderling in wyk 16. Indien Gideon die roeping opvolg en daar geen wettige besware teen sy roeping ingebring word nie, sal hy D.V. op 20 Maart tydens die oggenddiens in die diens bevestig word.

.Die spesiale kollektes in Maart 2022 gaan vir:

Sondag	6 Maart	**Emeritaatsfonds**
Sondag	13 Maart	Instituut Christelike Onderwys
Sondag	20 Maart	Ekumenisiteit (Buitelands)
Sondag	27 Maart	Teologiese Studentekas

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Emeritaatsversorging*** die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

Ds Koos Mouton, emerituspredikant, sal DV Sondag 6 Maart 2022 0m 15:30 die erediens by Huis Eikelaan waarneem.

Die Bybelstudie by Huis Eikelaan hervat D V weer Dinsdag om 15h00 in die rooi sitkamer.
Lidmate wat nie inwoners van Eikelaan is nie, is ook welkom.

LIEF EN LEED

Mietsie Harman het die afgelope week ’n operasie aan haar hand ondergaan. Sy is Woensdag ontslaan. Dit is ons gebed dat ons Vader haar herstel ná die operasie ryklik sal seën sodat sy daardeur lewenskwaliteit mag ontvang en Hy in ons dankbaar geëer mag word.

Prof Callie Coetzee het Donderdag ’n ondersoek deur die kardioloog in Pretoria ondergaan. Ons verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle. Ons dank die Here vir die kosbare gawes waarmee hy prof. Callie seën om met ywer in die gemeente hulpdiens te kan verrig en ons gebed is dat hy en sr. Susan daagliks verkwik sal word deur die ontferming van die Here wat elke môre nuut is.

Ons volhard steeds in ons voorbidding vir **Japie van Jaarsveld** wat nog aansterk nadat hy ’n ingrypende operasie vroeër vanjaar ondergaan het en **Mandie de Klerk** wat twee keer per week dialise moet ontvang. Mag ons Vader u daagliks met sy liefde en ontferming dra.

Marie Kits is steeds in die Anncron se ICU nadat haar een long platgeval het met die ontvang van die pasaangeër. Daar is X-strale geneem van haar longe en die drs besluit nog op behandeling.

Jeanette Fourie is steeds in die Kaap onder behandeling van spesialiste en sal moontlik nog ‘n geruime tyd daar moet bly.

As u wil bydra merk u bydrae **NOOD IN OEKRAÌNE**.
Die Diakonie sal dit verder versorg.

SDDS van die GKSA

Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

26 FEBRUARIE 2022
DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA
Geagte voorsitter en diakonie,

NOOD IN OEKRAÌNE

In die lig van Rusland se volskaalse aanval op Oekraïne en die noodtoestand wat as gevolg daarvan ontstaan en vererger, het SDDS se deputate vir Noodtoestande dit goedgedink om hierdie nood onder u bekend te maak. Op die huidige stadium is ons besig om saam met kerke in die buiteland betroubare weë te vind waardeur dringende hulp op `n effektiewe wyse verleen kan word aan die mense in Oekraïne wat deur hierdie oorlog geraak word.

U word vriendelik versoek om die nood in u gemeente bekend te maak met die versoek aan lidmate om aan die noodlydendes in Oekraïne in hul gebede te dink.

Waar lidmate dit in hulle harte vind om ook ‘n bydrae te maak om die nood te verlig, versoek ons vriendelik dat diakonieë enige bydraes na die volgende rekening sal oorplaas:

BANK	ABSA
REKENINGNAAM	SDDS
REKENINGNOMMER	3330141750
TAKKODE	632005
VERWYSING	Oekraïne

U broeder in Christus, Ds. Fritz PotgieterVoorsitter: SDDS

Sinodale Deputate vir Diakonale Sake
Ingelyfde maatskappy kragtens Art 21 van die Maatsakppy wet (NPO Verw: 036-927)Posbus 20004, Noordbrug, 2522
Sel: 071 467 6571 epos: sdds@gksa.co.za